

PRODUKSIE-AANVULLINGS

VOERMOL PRODUKSIELEK

Klas: Proteïen-, Mineraal- en Energie-aanvulling vir Herkouers

VOERMOL PRODUKSIELEK is 'n volledige klaargemengde lek wat proteïen, energie, minerale, vitamien en spoorminerale voorsien vir optimale produksie van die weidende dier:

- bevat graan en melasse as energiebronne;
- help om oormatige massaverlies in koeie net na kalwing te voorkom;
- help om domsiekte in swaardragtige ooie te voorkom en kan ook as 'n prikkelvoer vir ooie gebruik word;
- bevorder massatoename van jong groeiende diere op veldweiding van goeie gehalte;
- bevat medikamente wat energiebenutting van die weiding bevorder.



SAMESTELLING VAN VOERMOL PRODUKSIELEK

REG NR V10108 (Wet 36/1947)

(g/kg)		(mg/kg)
Ruproteïen* (min)	250	Mangaan 100
Ureum (maks)	55	Koper 40
Ruvesel (maks)	80	Kobalt 0.8
Vog (maks)	160	Yster 150
Kalsium (min/maks)	10/12	Jodium 4
Fosfor (min)	8	Sink 150
Kalium	18	Selenium 0.9
Magnesium (min)	4	Vitamien A (IE/kg) 10 000
Swael (min)	4	Energie (MJ ME/kg) 8
*67.4 % afkomstig vanaf NPN		Bevat medikamente

Verpakking – 50 kg

Sien ureumwaarskuwing

VOEDINGSINSTRUKSIES

Gebruik **Voermol Produksielek** as proteïen- en energie-aanvulling tot hooi en/of veldweiding.

AANBEVOLE INNAME

(g/dier/dag)

Beeste: 1 500 – 1 620*

Skape en Bokke: 250 – 270*

*Maksimum toelaatbare inname van lek.

L.W. Voermol Produksielek bevat medikamente en moet dus nie aan perde gevoer word nie.



VOERMOL

UREUMWAARSKUWING

UREUM

Die meeste lekke bevat ureum wat onder sekere omstandighede gevare inhou. Tydens die formulering en vervaardiging van **Voermol-lekke** word daar gepoog om die risiko van ureumvoeding so laag as moontlik te hou. Die voorkoms van ureumvergiftiging kan verder verlaag word deur op die volgende te let:

- gebruik lekke volgens voorskrif;
- beperk lekinname tot die voorgeskrewe maksimum vlak;
- voer lekke saam met voldoende weiding en/of ruvoer;
- tref spesiale voorsorg tydens voerskaarste (droogtetoestande) om hoë lekinname te voorkom;
- voorkom die oormatige aanvanklike lekinname (southonger) deur diere, vir die eerste 14 dae, toegang tot **Voermol Rumevite 6P** te gee;
- moenie dat die lek natreën nie.

Sien ureumwaarskuwing agter op sak.

UREUMWAARSKUWING

Hierdie veevoedsel bevat NPN-(Nie-Proteïen Stikstof) bronne en moet daarom streng volgens die gebruiksaanwysings vermeng en gevoer word.

- Asyn is 'n doeltreffende middel teen NPN-vergiftiging. Meng met gelyke hoeveelheid water en doseer 'n halwe bottel per kalf/skaap en 2 – 4 bottels per bees (1 bottel = 750 ml).
- Beskerm hierdie veevoedsel teen reën. NPN is oplosbaar en diere wat so 'n oplossing drink kan vergiftig word.
- Moet nie die veevoedsel onoordeelkundig saam met ander NPN-bevattende veevoedsels voer nie. Raadpleeg 'n veekundige.
- Meng hierdie konsentraat deeglik met die voorgeskrewe bestanddele.
- Hou lekbakke vol en verhoed dat honger diere hul oorvreet. 'n Konstante daaglikse voeriname voorkom vergiftiging.
- Voordat 'n NPN-bevattende lek gevoer word, moet 'n gewone sout/fosfaatlek vir minstens 7 dae gevoer word.

GMO OPMERKING

Hierdie dierevoedsel mag grondstowwe bevat wat van GMO (geneties gemodifiseerde organismes) oorsprong is.



VOERMOL